GROEIGROEP MATERIAAL

KERK-IN-SUID

13Jesus sê toe verder vir hulle: "Julle verstaan nie eens hierdie verhaal van die man wat saai nie. Hoe sal julle dan enige verhaal verstaan wat Ek julle vertel? Laat Ek nou eers vir julle verduidelik hoe julle die verhaal moet verstaan van die boer wat gaan saai het. 14 Die boer saai die boodskap van God.
15" Party mense is soos die saad wat op die voetpad geval het ... Hulle hoor die boodskap van God, maar dit sink nie in nie. Sodra hulle dit hoor, sorg Satan dat hulle dit baie gou vergeet. Satan pik as't ware daardie woorde uit hulle gedagtes uit.
16"Ander mense is weer soos die saad wat op die rotse geval het ... Ook hulle hoor die boodskap van God en is dan baie opgewonde daaroor, maar net 'n rukkie. 17Sodra hulle geloof iets van hulle begin vra of hulle opofferings moet begin maak, is hulle skielik nie meer so opgewonde en oortuig van alles nie. Gou bly daar niks meer van hulle sogenaamde nuwe geloof oor nie.
18"Daar is ook mense wat soos die saad is wat in die doringbosse beland het... Hulle het ook die boodskap van God gehoor en dit gretig aanvaar. 19En tog, in die alledaagse lewe word die eise wat hulle beroep stel en al die ander dinge waarmee hulle besig is, ja, selfs die gejaag na geld, vir hulle belangriker as die geloof. Hulle het nie meer tyd of krag oor om vir die Here te werk nie. Later kan 'n mens nie eens meer agterkom dat dit iemand is wat God se woord so gretig aanvaar het nie.
20"Daar is ook mense wat soos die saad is wat in goeie grond geval het ... Hulle hoor die boodskap van God en word diep daardeur getref. Hulle begin in oorgawe reg leef en in alles wat hulle doen, borrel hulle Christenskap eenvoudig uit. Daar is geen keer aan hulle nie."

MARKUS 4: 13-20



TEMA [Die Hard **SONDAG** 12 Januarie 2020

Inleiding

Aan die begin van elke jaar begin ons met 'n kort reeks van so 3 Sondae. Hierdie reeks handel dan oor ons Tema vir die nuwe jaar. Die jaar tema vind sy geboorte tydens die beplanning waarby die leiers van die gemeente en leraars betrokke is. Biddend en met vertroue is dit ons belewenis elke jaar dat die Here ons hier rigting gee en ons gedagtes volgens sy hartklop vir Kerk-In-Suid vorm. Hierdie reeks en ons jaar tema is dan 'Dit is tyd...'

Gesprek losmaker

Het jy ook al moedeloos geword met goed wat jy graag wil verander maar dit gebeur net nie? Jy wil graag sien dinge raak beter in jou lewe, verhoudings, werk, Suid-Afrika ens. As jy 'n sinnetjie moet maak wat begin met "Dit is tyd vir...." wat is die goed in en rondom jou lewe wat jy graag sal wil sien verander? Wat dink jy gaan moet gebeur in jou eie sodat dinge kan verander?

_____

_____

_____

As Christene is ons nogal veral gefokus op God se hart vir mense en die wêreld. Ons is ook na Sy beeld geskape en daarmee ook Sy verteenwoordigers hier op aarde. Dit is belangrik om ook te weet dat ek en jy deel is van God se hartklop. Wie ons is en wat met ons gebeur is vir Hom belangrik. Jesus het nie gekom om die wêreld onveranderd agter te laat nie. Hy het gekom om juis my lewe en die wêreld om my te verander. God stel dus belang ook in jou persoonlike lewe.

Oor Sondag se preek

In hierdie reeks oor 'Dit is tyd...' gaan ons vir drie Sondae stilstaan by Markus 4 wat bekend staan as die gelykenis van die saaier. Jesus lewer dié gelykenis langs die See van Galilea vanuit 'n skuit op die see aan 'n skare wat op die strand bly staan het. Die detail van die gelykenis wat dalk beter genoem kon word die gelykenis van die grond is vir ons baie bekend. Die saad word in vier kontekste, vier tipes grond, gesaai:

- op die pad,
- op klipbanke,
- tussen onkruid en
- in goeie grond.

Daar gebeur ook vier goed met die saad.

- Die voëls pik die saad op die pad op.
- Die son verskroei die saad op die klipbanke dat dit verdroog.
- Die onkruid verstik die saad wat tussen dit val.
- Die goeie grond lewer 'n goeie tot uitstekende opbrengs.

Die effektiwiteit van die saad hang dus af van beide die werk van die Saaier en die saad, sowel as die ontvanklikheid van die grond.

Hoe het jy altyd hierdie verhaal verstaan en wat het dit vir jou beteken?

Skriflesing

- Lees Markus 4:1-20

Wat sou julle sê was Jesus se motief deur die gelykenis? Met ander woorde wat wil Jesus deur hierdie gelykenis met sy gehoor deel?

In Sondag se preek is die volgende genoem as moontlikede van Jesus se motief

- Inspraak in jou lewe: Wie ore het en kan hoor, moet luister! (vers 9)
- Bekering terug na Hom: dat hulle hulle nie miskien bekeer en vergewe word nie. (Vers 12)
- Genesing vir die gebrokenis: Matteus verwys na Jesaja 6:10
- Dat daar vrug sal wees: dit het opgekom, gegroei en 'n oes gelewer (vers 8)
- Geheim van KvG bekend te maak: Aan julle is die insig in die geheim van die koninkryk van God gegee (vers 11)

Die eerste twee plekke waar die saad geval het was op die pad en tussen die klipbanke. Baie van ons harte het dalk dieselfde ooreenkomste van ‘n pad en die klipbanke. Saad kan nie daar groei nie en heel moontlik die rede hoekom sekere goed in ons lewe nie verander nie. Hoe sou ons, ons harte kon vergelyk met die pad en klipbanke? Hieronder is die voorbeelde wat tydens die eredeins genoem is vir gesprek riglyn maar uit julle groep behoort baie meer voorbeelde te kom as dit

Die pad (Lewe het my hard gemaak, Dit is maar hoe ek is, Ek is uitgesorteer en hoef nie te verander nie...); Die klipbanke (Verdrukking en Vervolging, Mooi woorde en Mooi idees maar nie vir my, Wanneer dit iets van jou gaan kos, As dit meer vra as aan wat jy gewoond is, Gewild wees en In wees....)

Slot

Die tema van die eerste preek is 'Die Hard'. As ek en jy die verandering graag wil sien gaan ons moet leer wat dit beteken om hard te sterf in onsself. Ons gaan moet bereid wees om onsself aan iets groters as onsself te verbind. Jesus het gekom om oor verandering te praat en dit is moontlik in my en jou lewe en ook in Suid-Afrika.

Wat staan my en jou te doen sodat ons goeie grond kan word waarin God se saad kan groei en vrug dra?

Gebed

Here dit is Tyd vir my....

NOTAS